

## Kom kry, verniet!

Wat 'n wonderlike uitnodiging! Wat 'n onuitspreeklike genade van God! Daar is volkome verlossing deur Jesus Christus. En dit is verniet. So lui die Ou-Testamentiese verkondiging al. Dink aan die bemoedigende woorde in Jesaja 55:1: “Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.” Alles verniet!

Maar dan moet jy die uitnodiging van God ook wel aanvaar. Telkens klink in ons Skrifgedeelte die dringende oproep: “Kom!” Hoor: “Die Gees en die bruid sê: ‘Kom!’ En elkeen wat dit hoor, moet sê: ‘Kom!’ En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!” Wie passief bly, kry nie deel aan die ware lewe nie. Wie nie die uitnodiging en die boodskap van die Boek ernstig opneem en dit opvolg nie, ly 'n lewensverlies.

Die uitnodiging kom van Jesus self, “die Afstammeling, die Nakomeling van Dawid”, die nuwe Dawid (Jes 9:5-6; 11:1-2). Hy is “die blink Môrester”. Die finale koms van die koninkryk van God breek aan. Alles verskyn in nuwe, volle lig.

Jesus gebruik 'n engel om dit aan die gemeentes te betuig. Dit is opgeteken in die boek. Almal kan dit nou hoor. Die belofte staan vas. Dit moet onveranderd oorgelewer word. “As iemand iets hieraan byvoeg of hiervan wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.”

Die uitnodiging om te kom en verniet te ontvang, is daarin gewortel dat die Here Jesus self kom. Hy kom trouens self nou reeds deur sy Gees in gelowiges se harte in. Soos Hy uit die dood opgestaan het, so laat Hy ons opstaan en na Hom toe kom. Waar Hy in harte woon, word daar gebid: “Amen! Kom, Here Jesus!” Wat 'n wonderlike voorreg om in die geloof hierdie laaste woorde van die Bybel te hoor: “Die genade van die Here Jesus sal met almal wees.”

Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2

Prof JL Helberg (Emeritus)